



KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER  
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT  
POSBUS 60  
PIKETBERG  
7320

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP WOENSDAG 17 AUGUSTUS 2016 OM 13:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

Rdh EB Manuel	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl Me SM Crafford	[DA]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdh RM Van Rooy	[DA]	:	Lid van Burgemeesterkomitee
Rdl MA Wessels	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee

**AMPTENARE**

Adv H Linde	-	Munisipale Bestuurder
Mnr JWA Kotzee	-	Direkteur Korporatiewe Dienste
Mnr H Kröhn	-	Direkteur Tegnieuse Dienste
Mnr JA Van Niekerk	-	Direkteur Finansiële Dienste
Me JS Erasmus	-	Interne Ouditeur
Me CC Cloete	-	Senior Tikster
Me RR Fillis	-	Klerk: Komitee Dienste
Me AA Somers	-	Klerk: Komitee Dienste

AKSIE

**BKN001/08/2016**

**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met gebed, waarna die Voorster die nuutverkose Raadslid M Wessels asook die Speaker, Raadsheer A De Vries by die vergadering verwelkom.

\*\*\*

**BKN002/08/2016**

**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**

**3/3/1/4**

Bestuurder: Strategiese Dienste - ander munisipale verpligtinge.

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP WOENSDAG 17 AUGUSTUS 2016 OM 13:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN003/08/2016**

**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**

**3/3/1/6**

Alle Raadslede (uitgesluit Raadslid M Wessels) en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot enige item op die agenda, het nie.

Raadslid M Wessels verklaar dat hy 'n persoonlike belang by item 009 en item 010 het.

\*\*\*

**BKN004/08/2016**

**VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder lig die komitee in dat kollega Me C Strauss, tans werksaam by Piketberg Biblioteek, 'n drieling ryker gaan word en dat die personeel haar vandag verras met 'n ooievaarspartytjie.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*

**BKN005/08/2016**

**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**

**3/3/1/5**

Geen

\*\*\*

**BKN006/08/2016**

**MOSIES / VRAE**

**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP WOENSDAG 17 AUGUSTUS 2016 OM 13:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN007/08/2016**

**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: GELUKWENSING VANAF  
MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE**  
9/1/2

Die Munisipale Bestuurder wens die Raadslede geluk en sterkte toe vir hul ampstermyn en meld verder dat dit 'n voorreg is om ses Raadshere in Bergrivier Munisipaliteit te kan hê.



\*\*\*

**BKN008/08/2016**

**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: GELUKWENSING VANAF  
STEDEBAND: HEIST-OP- DEN- BERG**  
9/1/2

Die Munisipale Bestuurder wens namens die Stedeband Heist-op-den-Berg die Raadslede geluk.



\*\*\*

**BKN009/08/2016**

**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VERSKUIWING VAN STAANDE  
KOMITEES: SEPTEMBER 2016**  
9/1/2

Die Munisipale Bestuurder meld dat die induksie van Raadslede vanaf 5-9 September 2016 plaasvind en dat die staande komitees vir September maand verskuif moet word.

**BESLUIT:**

1. Dat die Tegnieuse Dienste Komitee op Woensdag 31 Augustus 2016 om 09:00 plaasvind;
2. Dat die Finansiële Dienste Komitee op Donderdag 1 September 2016 om 09:00 plaasvind; en
3. Dat die Korporatiewe Dienste Komitee op Donderdag 1 September 2016 om 11:00 plaasvind.

**DIREKTEUR TEGNIESE  
DIENSTE**  
**DIREKTEUR  
FINANSIËLE DIENSTE**  
**DIREKTEUR  
KORPORATIEWE  
DIENSTE**

\*\*\*

***Die Uitvoerende Burgemeester reël dat Raadslid M Wessels die vergadering verlaat voordat items 009 en 010 bespreek word.***



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP WOENSDAG 17 AUGUSTUS 2016 OM 13:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN010/08/2016**

**INDIENSNEMING: KANTOOR VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**9/2/1**

Die Uitvoerende Burgemeester lig die verslag toe en lees die aanbeveling aan die komitee.

**BESLUIT:**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat daar afgewyk word van par 8.7 deurdad die aanstellings in die kantoor van die Uitvoerende Burgemeester nie gewerf en gekeur word in terme van die indiensnemingsbeleid nie, maar aangestel word in die uitsluitlike diskresie van die Uitvoerende Burgemeester soos bedoel in par 8.8.

**MUNISIPALE  
BESTUURDER**

\*\*\*

**BKN011/08/2016**

**TASK IMPLEMENTERING**

**9/2/1**

Die Munisipale Bestuurder gee 'n breë opsomming met betrekking tot die item onder bespreking.

Raadslid S Crafford stel voor dat beide vakbonde, SAMWU en IMATU, ingelig word rakende die besluit.

Verskeie kommentaar/insette word gelewer deur die komitee.

**BESLUIT:**

1. Dat die Burgemeesterskomitee as 'n eenmalige vergunning (slegs vir die 56 geaffekteerde werknemers) 'n afwyking van die bonusbeleid (Besluit 26/11/2001) toestaan om dit moontlik te maak vir enige van die 56 geaffekteerde werknemers om vrywillig skriftelik aansoek te doen by Menslike Hulpbrondienste voor of op Vrydag 19 Augustus 2016 om 15:30 hul jaarlikse bonus (wat normaalweg in November 2016 uitbetaal sou word) **pro-rata** (Desember 2015 – Augustus 2016) te ontvang saam met die Augustus 2016 salarisse; en
2. Dat elke werknemer slegs kan kwalifiseer tot op die maksimum bedrag wat deur die werkgewer afgetrek is tydens Julie 2016 en Augustus 2016 (gesamentlik).

**DIREKTEUR  
KORPORATIEWE  
DIENSTE**

\*\*\*

**BKN012/08/2016**

**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**

**3/2/1/3**

Geen

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP WOENSDAG 17 AUGUSTUS 2016 OM 13:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

---

**BKN013/08/2016**

**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**

Geen

\*\*\*

**BKN014/08/2016**

**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

\*\*\*

**BKN015/08/2016**

**IN KOMITEE: BESLUTE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

\*\*\*

**BKN016/08/2016**

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

\*\*\*

**BKN017/08/2016**

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

\*\*\*

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:00  
BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

\_\_\_\_\_  
**VOORSITTER  
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)**

\_\_\_\_\_  
**DATUM**

\*\*\*